



Tweede uitgawe -  
2011

# Koeda

## Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

### Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley  
082 809 2037
- Onder voorsitter – Brandon  
Roode 083 399 1997
- Tesourier - Daan du Toit  
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee  
083 377 7893
- Skakelbeampste—Christa Ver-  
maak 083 388 4736
- Addisionele lede :  
Otto Koekemoer  
Ben Kruger  
Martin Kruger  
Johan Els

Enige idees, artikels of terug-  
voering rakende die nuusbrief  
kan gegee word aan Jaco Kriek  
by:  
jaco.kriek@aurecongroup.com

### In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / vra is vry	2
Snippets	3
Lede profiel	4
Algemene jaarvergadering	5
Vergadering van 5 Maart	6
Inheemse boom	9
Vergadering 2 April	10
Bonsai kalender	13

## Van die redakteur.

Beste Bonsai Vriende,

By die vorige vergadering hoor ek dat een van die lede sê hy wens al klaar dat die winter verby is. Hy beplan om 'n paar van sy bome in nuwe mooi bonsai bakke te plant en dus kan hy nie wag dat die winter verby moet wees nie. Nog 'n lid sê dat hy ook gedurende die winter verveeld raak omdat daar so min is om te doen aan sy bonsai.

Daar is egter baie ander takies wat gedoen kan word wat gedurende die groei seisoen agterweë gelaat word. So kan jy jou rakke netjies en skoon maak. Jy kan ook beplan om jou bome rond te skuif volgens hulle behoeftes vir son. Kyk na jou bome sonder blare en beplan hoe jy in die laat winter gaan snoei. Beplan ook jou aankaf vir bakke vir bome wat 'n mooi bak verdien en maak jou bakke waarin bome is mooi skoon. Gee ook aandag aan jou gereedskap, soos wat Francois in die kalender aanbeveel.

Net soos die winter vir ons bonsai aangebreek het het daar ook vir Org in sy persoonlike lewe 'n winter seisoen aangebreek met die heengaan van sy vrou. Org, ons weet dat dit 'n swaar tyd is en ek verseker jou van ons almal se simpatie en gebede. Mag jy deur hierdie tyd gedra word en ons bid dat jy weer in die toekoms 'n nuwe warm son seisoen sal beleef. Ons almal dink aan jou.

Jaco.



**The best way to learn something  
is to learn from the best by being  
with and around the best.**

## Briewe Bus / Vra is Vry



Hi Jaco,

Saw your box in the Koeda and thought you'd be interested - the ROSE foundation is an organisation to contact for recycling old/used oil. Their website is <http://www.rosefoundation.org.za/>

The website has a lot of useful info.

There are drop off centres in Johannesburg and Pretoria, as well as other parts of the country:

<b>Town</b>	<b>Landfill Sites Phone</b>
Pretoria	Valhalla Landfill Site, Stefanus Schoeman Road, Valhalla. 012 374 2612
Pretoria	Garstkloof Landfill Site, Rigel Avenue South, Delmas Road 082 326 4016
Pretoria	Onderstepoort Landfill Site, R 566 Roslynne, Onderstepoort 082 612 0319
Pretoria	Hatherley Landfill Site, Hans Strydom North, Nelmapuis 082 612 0295
Pretoria	Kwaggasrand Landfill Site, Mounde Road, Pretoria West 012 386-9200
Avalon	Bangalore Drive Garden Site, Bangalore Drive, Lanasia Ext. 11 011 712 - 5400
Avalon	Flamingo Garden Site, Flamingo Street, Lenasia Ext. 6 011 712 - 5400
Avalon	Phillipi Raod Garden Site, Heerengracht Road, Eldorado Park Ext. 4 011 712 - 5400
Bez-Valley	Bez- Valley Garden Site, 5th Avenue, Bez- Valley 011 712 - 5400
Bryanston Ext 7	Ballyclare Garden Site, Ballyclare Drive, Bryanston Ext.7 011 712 - 5400
Johannesburg	Oilkol (Pty) Ltd 011 762 5506 / 0861 101 961
Marlboro	Woodmead Garden Site, Woodlands Drive, Woodmead Ext. 15 011 712 - 5400
Midrand	Cedar Road Garden Site, Cedar Road, Kayalami A.H 011 712 - 5400
Midrand	Dale Road Garden Site, Dale Road, Kayalami 011 712 - 5400
Norwood	Club Street Garden Site, Club Street, Linksfield 011 712 - 5400
Norwood	Melrose Garden Site, Melrose Street, Syferfontein, Melrose 011 712 - 5400
Norwood	Norwood Garden Site, Pine Road, Norwood 011 712 - 5400
Roodepoort	Panorama Garden Site, Jim Fouche Road, Panorama A.H 011 712 - 5400
Roodepoort West	Roodepoort West Garden Site, Penny Road, Roodepoort West 011 712 - 5400
Southdale	East Road Garden Centre, East Road, Klipliviersberg 106-IR(The Hill) 011 712 - 5400
Southdale	Mayfield Park, Cnr Impala & Vereeniging Road, Rietvlei 101-IR (Mayfield Park) 011 712 - 5400
Southdale	Mondeor Garden Site, Royal Park Drive, Mondeor 011 712 - 5400
Southdale	Robertsham Garden Site, Cnr Harry & Rifle Range Road Robertsham 011 712 - 5400
Soweto	Orlando Garden Site, Sofasonke Street, Orlando 011 712 - 5400
Soweto	Mapetla Garden Site, Khama Street, Soweto 011 712 - 5400
Waterval	Fairland Garden Site, Cnr Smith & 5th Avenue, Fairland 011 712 - 5400
Waterval	Victory Park Garden Site, Victory Road, Victory Park Estate S.H 011 712 - 5400
Waterval	Waterval Garden Site, Johannes Road, Waterval 211-IQ (Triomf) 011 712 - 5400
Waterval	Bellona Garden Site, Bellona Road, Middelfontein 223-IQ (Mayfair West) 011 712 - 5400
Zondi 5400	Protea North Garden Site, Makhaya Avenue, Protea North Soweto. 011 712 - 5400

Regards,  
Ivone

## Snippets

*Meneer, "sê klein Jannie, daar is iets wat ek nie verstaan nie."*

*En wat is dit, Jannie?"vra Meneer.*

*Volgens die Bybel het die Kinders van Israel die Rooisee oorgesteek. Reg, ne?"*

*Ja, dit is so."*

*En die Kinders van Israel het teen die Filistyne oorlog gemaak, reg?"*

*Reg"*

*En die Kinders van Israel het die tempel gebou, reg?"*

*"Jaa ..... Jannie*

*En die Kinders van Israel het teen die Egiptenare geveg, die Kinders van Israel het teen die Romeine geveg, en die Kinders van Israel het altyd iets belangriks gedoen, reg?"*

*Ja dit is so,"stem Meneer saam. Wat is jou vraag?"*

*Wat het die grootmense dan gedoen?"*

## Inspirasie uit die natuur



Die foto van die Kameeldoringboom is vir my gestuur deur Louis van der Walt. Louis sê dat hy die boom in Namibië afgeneem het. Alhoewel die Kameeldoring nie algemeen gebruik word vir bonsai nie maak hulle fantasiese bome in die natuur met baie mooi vorms wat as inspirasie kan dien vir die stylering van bonsai.

Ek versoek julle om aan my fotos van bome te stuur wat julle al geneem het. Mooi bome, bome met interessante vorms, iets wat jy al wou naboots, ens. Indien jy wil kan jy so ietsie vertel van die boom.

## Our Environment.

The Spekboom (*Portulacaria afra*) can store over four tonnes of carbon per hectare per year, meaning that it is in line with the carbon sequestration abilities of a moist tropical forest. The Spekboom has become a symbol for carbon capture in South Africa.

Since, the industrial revolution, harmful CO<sub>2</sub> levels in our atmosphere have risen by 33%. The Spekboom has one of the highest CO<sub>2</sub> conversion levels. Since May 2009 just over 65 000 Spekboom have been planted in the Baviaanskloof area.





## Lede Profiel - Erika Köhler.

Erika is nie net bekend by ons in die kai nie maar is bekend oor die land omdat sy al by baie geleenthede en op baie plekke demonstrasies gelewer het. Haar vriendelike man, Fred, is ook gewoonlik aan haar sy. Erika en Fred het twee dogters en is ook die trotse oupa en ouma van drie kleinkinders. Toe ek vir Erika vra wat doen sy tans in haar lewe is haar antwoord: 'Ek kweek bonsai bome, maak tuin en groente tuin, en maak so nou en dan die huis skoon.'



elke boom haar lei na 'n styl. Sy doen aan elke boom wat die boom self vra.

Oor raad aan ander lede sê sy: 'Jy moet blase op jou fingers kry van aan jou bome werk en nie blare op jou agterent van heeldyd op die internet soek na inligting nie! Wees egter ook geduldig - tyd is die skepper van die mooiste bome.'

Erika sê dat sy al 'n belangstelling in bonsai gehad het as tiener. Sy het egter nooit op daardie stadium begin nie. In 1987 het sy 'n bonsai uistalling gesien en toe in 1988 by Shibui kai aange-sluit. Sy is steeds 'n lid by Shibui en is ook die afgelope omtrent sewe of agt jaar lid by die Pretoria kai. Erika was vir nagenoed agtien jaar op die bestuur van Shibui. Haar eerste boom waarmee sy begin het, met 'n beginnersklas, was 'n *Pyracantha* en sy het hom in 'n cascade styl gemaak. Sy het steeds daardie eerste boom en dit is die boom op die boonste foto saam met haar.

Erika sê dat om met haar bome te werk vir haar sielsbevrediging gee. Dit maak haar rustig en kalm en leer haar geduld. Sy leef ook haar kunssinnigheid deur bonsai uit. Op 'n vraag oor hoeveel bome sy het sê sy: 'Ek het nie die vaagste benul nie, jy is welkom om self te tel.' Erika het ook nie 'n gunsteling boom nie en is vir al haar bome lief.

Erika hou baie van die "Swamp sipres", Olienhout en enige ander boom wat blare en nie naalde het nie, om mee te werk. Sy sê dat sy nie daarvan hou om met Junipers en Dennebome te werk nie. Sy hou veral van bladwisselende bome. Sy gee nie regtig om om net met inheemse bome te werk nie en werk ook met uitheemse bome, soos Maples.

Erika het ook nie 'n gunsteling styl nie en laat

Erika sê dat Walter Pall van Duitsland se natuurlike bome haar inspireer. Verder kry sy inspirasie van mooi bome in die natuur. Sy sê dat sy ook graag oral waar sy kom na mooi klippe soek om op te tel. Verder lees sy ook graag.

Erika verloor ook nog somtyds 'n boom. Verlede jaar met die erge onverwagse koue het sy omtrent twintig bome verloor. Sy het ook al bome verloor wanneer hulle weg was met verlof en die persoon verantwoordelik vir die omsien na haar bome het nie sy werk gedoen nie. Sy voel baie sleg, en kwaad, as 'n boom vrek.

Erika sê dat sy tevrede is oor wat sy bereik het in die kuns van bonsai. Sy het nie 'n wens om eendag 'n groot meester te word nie en geniet net haar mooi bome op die oomblik.

Erika het al by baie klubs asook konvensies, soos ABA 2000, opgetree. Sy geniet dit baie. Sy sê dat Pretoria kai vir haar 'n heerlike ontspannings kai is. ♣



## Algemene Jaarvergadering .

Die algemene jaarvergadering is gehou op 5 Maart 2011. In die afwesigheid van die tesourier, Daan du Toit, het die voorsitter, Org Exley, Daan se finansieële verslag aan die vergadering gelees. Die Kai se finansies lyk goed en enige lid word in kennis gestel dat die state ter insae is indien iemand dit wil sien.

Die verkiesing van die bestuur is ook gehou. Soos wat julle op die voorblad kan sien is die ou bestuur net so herverkies. Dit toon dat die Kai lede tevrede is met die wyse waarop die bestuur die Kai se belange hanteer. Ons dank gaan uit teenoor die bestuurslede wat hulle weer verkiesbaar gestel het en ons wens hulle ook geluk met die herverkiesing.

Org Exley het die volgende voorsitters verslag gelewer:

Ons het weer aan die einde van 'n jaar gekom. 'n Jaar wat ek voel 'n goeie jaar was. Baie goeie dinge het gebeur in die Kai, soos al die nuwe gesigte by die vergaderings wat wys dat die belangstelling in bonsai groei. Die uitstalling wat weer elke vergadering daar is. Die lede getalle wat die vergaderings bywoon was ook baie goed. Ons het gereeld 'n vol saal gehad.

Een ding waaraan ek voel dat ons as kai beter kan doen is om die BRAT vergaderings by te woon. Ons is een van die sterkste kai's in die land en tog is daar maar 4 of 6 van ons lede wat dit gereeld bywoon. Dan wil ek ook net die lede gelukwens met hul bome wat so goed doen by die BRAT uitstallings. Wanneer hulle bome uitstal kom dit die meeste van die tyd onder die top 10.

Een van die hoogte punte was die besoek van Steve Tolley van Engeland. Ons moet beslis weer sy arm draai as hy in die land is om weer met ons te kom praat. Die keer sal ons hom meer tyd gee om aan 'n boom te werk.

Met ons skou wat ons in Oktober gehou het, het ons uitstekende bome uitgestal. Die mense kan trots wees op hulle bome wat uitgestal is. Dit is net jammer dat die bywoning so laag was, maar dit sal uitgesorteer word met die volgende skou.

Ek wil ook aan die komitee baie dankie sê vir hulle harde werk deur die jaar. As dit nie was vir hulle werk wat hulle agter die skerms ingesit het nie, sou dit nie so goed met die kai gegaan het nie.



Dankie aan Wilma en oom Willie vir die biblioteek wat hulle beheer het en ook vir die harde werk voor die vergaderings waar hulle tafels rond dra en help met die saal regpak.

Jaco vir die ure wat hy insit om 'n uitstekende koerantjie soos die Koeda aan ons voor te sit. Ek sien die laaste uitgawe het 17 bladsye gehad. Ons al dit nie meer 'n koerantjie kan noem nie maar 'n boek. Ook vir al die inligting wat hy aan die lede aanstuur wanneer ek dit vir hom stuur.

Christa wat die raffle hanteer. As dit nie vir die raffle was nie sou ons nie nuwe boeke kon aankoop nie. Dankie ook aan al die mense wat items bring vir die raffle.

Johan Els vir die koeldranke wat hy hanteer en die hemde en ander toerusting.

Aan al die lede wat praatjies en demonstrasies gedoen het, julle het julle uitstekend van julle taak gekwyt. Baie dankie, dit is lekker om te weet dat wanneer jy 'n vergadering bywoon dit interessant gaan wees.

Ek hoop dat die mense wat bome werksinkels toe gebring het baat daarby gevind het.

Dan ten laaste wil ek net van my kant af baie dankie sê vir 'n baie lekker jaar wat verby is. Dit is lekker om deel te wees van so 'n groep mense.



## Vergadering van 5 Maart.



Dit is sekerlik teen die tyd al onnodig dat ek elke keer noem dat ons vir 'n uur voor die formele vergadering heerlik aan bome gewerk het. Dit is egter so belangrik en so 'n groot deel van die byeen-

koms dat ek dit weer en weer sal noem. Dus: na 'n uur se heerlike werk aan bome het die formele vergadering begin en wel met ons algemene jaarvergadering. Sien voorsitter verslag op bl 5. Daarna het Louis Nel met ons gepraat en demonstreer oor die 'Phoenix graft'.

Vervolg op bl 7.....





## Vergadering van 5 Maart - vervolg



Phoenix grafting is the process of strategically attaching bonsai trunks to ancient driftwood. The technique makes it possible to grow a tree with the

appearance of an aged, weathered bonsai in months, rather than the years it would normally take to mature a new seed from scratch. Phoenix grafts can easily be mistaken for award-winning bonsai masterpieces. Phoenix Graft is also commonly known as Tanuki. Tanuki is the Japanese word for badger. In traditional Japanese Folklore, this animal is responsible for playing tricks on people, so when a Tanuki is involved, nothing is quite what it appears.

Louis het ons daaraan herinner dat bonsai 'n "illusion" is. As jy 'n bonsai sien moet jy jou verbeel dat jy na 'n groot boom kyk. Louis het vir ons 'n aanbieding gewys oor Phoenix graft en ook voorbeelde van baie mooi Phoenix graft bome gewys. Hy het ook drie sketse gewys wat hy moontlik met sy boom kan doen. Louis sê vir hom is daar 'n paar moontlike maniere om Phoenix graft te doen. Een is as die boom in die ou hout is. Dan is daar 'n boom agter dooie hout.



Die boom kan ook agter die dooie hout wees met die takke wat vorentoe gebring is. Takke kan ook rondom die dooie hout wees. Die boom kan ook net aan die een kant van die dooie hout wees.

Louis het gesê dat wat jy nodig het, of mag hê is; 'n ou stuk mooi harde hout, 'n immergroen boom, iets om die lewendige boom aan die ou hout vas te heg soos gom, spykers, hamer, kleefband of draad. Jy het beslis geduld nodig en

natuurlik visie.

Louis het toe sy 'bottel' harde hout uitgehaal tot groot vermaak van die lede. Daarna sy regte stuk harde hout waarin hy reeds vooraf 'n gleuf in gemaak het. Louis se immergroen boom wat hy gebruik het is 'n Koeniebos. Louis het toe die Koenie bos se stam binne die gleuf in die harde hout met spykers vasgeslaan. Hy sou by die huis die boom in 'n groot houer plant om 'n paar seisoene sterk te groei. Ons sien uit om die vordering van die boom in die toekoms te sien.

Vervolg op bl 8.....



## Vergadering van 5 Maart - vervolg



Die spykers word nie in die lewendige boom se stam geslaan nie maar net so langs die stam om hom in posisie te hou.



Die Phoenix graft. Nou laat groei vir 'n paar seisoene.



Hierdie is 'n Phoenix graft wat geskep is deur Pieter du Plessis.



Hierdie boom se kroon het gevrek. Louis het toe 'n takkie van onder in die dooie deel opgeneem as 'n phoenix graft wat toe later die nuwe kroon gevorm het.



## Inheemse Suider Afrikaanse bome geskik vir Bonsai – Olienhout.

### *Olea europaea* supsp. *africana*.



Afrikaans: Olienhout.  
English: Wild Olive

In die natuur is hierdie 'n struik of kleinerige boom tussen vyf en tien meter hoog. Die boom is relatief droogte bestand en kan matige ryp verduur. Dit is gewoonlik 'n stadig groeiende boom. Die Olienhout kom voor op klipperige randjies sowel as langs waterlope. Die vrugtes is gewild onder voëls en die blare word deur wild sowel as mak diere geëet.

Die Olienhout is 'n geharde boom en word dikwels in tuine en parke gebruik.

Een van die gewildste, indien nie die gewildste, inheemse Suider Afrikaanse boom wat gebruik word vir bonsai is die Olienhout, of soos meeste hom ken, die 'Wild olive'. Die blare kan drasties verklein met die regte behandeling.

Carl Morrow, 'n bekende in Suid Afrikaanse bonsai kringe sê die volgende oor die Olienhout:

'This is an excellent species that can hold its own amongst the best in the world. It is a little slow to develop but the quality of the material available and the design and refinement potential of this tree makes it worth the effort. Its powers of recovery after collection are wonderful and it vigorously shoots back on bare trunks.'

The leaves reduce dramatically and the tree develops beautiful, dense evergreen foliage canopies. Larger trunked trees often feature spectacular areas of natural and created dead-wood that significantly enhance the apparent age of trees.

The exposed wood is very durable and with a minimum of effort, the character of the tree can be maintained for many years. It is best to keep these trees outdoors in a sunny and warm position. They strike from cuttings and are quite easy to grow.'

As bonsai kan die Olienhout twee wekluks voeding kry vanaf lente tot herfs. Bome kan op 'n 2-3 jaar siklus herplant word. Die Olienhout kan gebruik word vir byna enige styl en grootte. Bedrading moet op jong takke gedoen word aangesien die hout vinnig hard word.

Die boom is teen baie siektes bestand. Hierdie boom is 'n moet vir enige bonsai entoesias.



## Vergadering van 2 April.

### "Tip of the month"

As gevolg van die groot skade wat baie lede verlede jaar met die erge winterkoue aan ons bome gehad het, het Divan Horn ons bietjie raad gegee oor die beskerming van ons bome teen ryp. Divan het drie produkte aan ons gewys wat gebruik kan word om bo-oor ons bome te plaas. Die eerste is 'n produk wat baie lede ken met die naam "Frost Cover" of Ryp doek, wat beskikbaar is by tuin sentrums. Hierdie produk word gebruik om bo-oor plante te sit en is 'n soort gaas materiaal. Divan raai aan dat die gaas so 400mm bokant die blare moet wees om te verseker dat blare nie ryp nie. Dit kan egter aan die stam of takke raak. Divan het nog twee produkte gewys wat basies plastiese seil is. Die eerste is redelik goedkoop en word deur 'n fima met die naam Plastilon verskaf. Divan se egter dat die produk net een of maksimum twee seisoene sal hou en daarna verbrokkel. Die tweede produk is wat algemeen gebruik word vir kweekhuis tonnells. Dit is 'n baie dikker en sterker plastiek en is IV bestand. Dit kan ook swart ryp uit 'n tunnel hou. Divan sê dat korporasies die produk in 5 of 10m lengtes verkoop. 'n 6,5m wye stuk sal jou so R75 – 80 per meter uitwerk.

Divan raai aan dat indien dit moontlik is moet jy die plastiek gedurende die dag oopmaak vir ventilasie vir jou bome omdat dit baie warm kan raak selfs onder die wintersonnetjie.



Dit is nou al amper 'n gegewe dat daar by elke vergadering besoekers of nuwe lede opdaag. Dit is wonderlik om te ervaar dat ons kai so groei en dat die belangstelling in bonsai groei. Dus: baie welkom aan al die nuwe lede asook besoekers wat nog moet besluit of hulle wil aansluit.



As gevolg van die seisoen wat draai is daar dus minder werk te doen aan ons bome en kon mens dit ook sien aan die aantal bome wat vooraf geneem was vir werk. Dit was egter steeds leersaam en lekker.



Daar was ook minder bome op die mini uitstalling. Komaan, moenie ophou om bome te neem nie. Dit is lekker vir al die lede om die bome te sien en te bespreek.



vervolg op bl 11.....





## Vergadering van 2 April - vervolg



Derick Veldhuizen van Polokwane het met ons gepraat oor die bome wat in die Polokwane area gebruik word en wat geskik is vir bonsai. Hy het van elke spesie waaroor hy gepraat het 'n voorbeeld gewys. Sommige van die spesies word onder genoem.

Derick het met sy groot gunsteling begin en wel die Kanniedood. Hy sê dat as jy eers met 'n Kanniedood werk jy min belangstel in ander bome soos stupid Akasias nie. In die suidelike halfrond is daar 40 soorte Commiphora waarvan 18 in Suid Afrika, Namibië en Botswana. Die beste van al die Kanniedoods, volgens hom, is die Commiphora Harveyi, wat ook geneom word die Rooi stam Kanniedood.

Hy groei baie maklik van steggies en selfs groot steggies. Jy kan 'n paar boompies aanmeekaar vasmaak wat baie maklik 'fuse' om 'n dik stam te gee. Hy moet goeie dreineringsê. Die blare verklein baie mooi. Die Kanniedood kan in meeste style gebruik word en maak baie mooi cascades. Hulle maak blommetjies en vruggies maar word nie vir hulle blomme gegroei nie. Ander soorte wat gebruik kan word is: *C. Edulis*, *C. Marlothii*, *C. Neglecta*, *C. Shimperii*, *C. Africana*, *C. Glandulosa*, *C. Pyracanthoides* and *C. Mollis*.

Kremetart. Baobab. *Andansonia digitata*. These are mysterious giants that can age to 2000 years and more. It flowers during the night and has a musky smell to attract fruit bats and insects. They originate from Madagascar from where the spread to Africa and Western Australia. As bonsai they grow faster than most people think. Cut the tubular roots (patats) in spring before leaves appear. Remember: no leaves no water. Lots of leaves, plenty of water.

White Seringa. *Kirkia Acuminata*. Hierdie boom is nie werklik familie van die Seringa nie maar liewer van die Naboom. Hy groei maklik van steggies. Herfskleure is mooi.

Lebombo Iron wood. *Androstachys Johnsonii*. Hierdie is een van die moeilikste bome om in die natuur uit te haal. Indien jy 30 boompies uitgrawe sal seker een groei. Die hout is baie hard. Takkies kan baie mooi 'gin' maak.

Tamboti. *Spirostachys Africana*. Die melk van die boom is giftig. Ook 'n familie van die Naboom. Maak 'n baie mooi Wiger styl in bonsai met take wat 'n cascade effek gee. Blare verkleur van geel tot bloedrooi. Die blare wat verkleur bly lank aan die boom.

Lavender tree. Laventelboom. *Heteropyxis Natalensis*. This tree is poisonous, but if care is taken when working with it you shouldn't be worried. It makes a very beautiful bonsai.

Drolpeer. Common wild pear. *Dombeya royundifolia*. Hierdie boom word gekweek vir sy blomme. Die blomme kom te voorskyn voordat die blare uitkom in die lente. Blomme is wit maar 'n baie skaars vaal pink kleur kom ook voor.

White stinkwood. Witstinkhout. *Celtis Africana*. Well know with all growers of bonsai. Makes especially good ramification.

Sekelbos. Sickle bush. *Dichrostachys cinerea*. Kan as bonsai van klein tot groot bome groei. Blomme is mooi, pers bo en geel onder. Goeie dreineringsê is nodig.

Vervolg op bl 12.....



## Vergadering van 2 April - vervolg

Dalbergia Melanoxylon. In Polokwane area known as Zebra wood due to the coloring in the wood. It has small white flowers and grows extremely slow. It is not cold resistant.

Lavender croton. Laventel koorsbessie. Croton Gratissimus. Word min gebruik omdat hy nie redelik beskikbaar is nie. Maak baie interessante blare in die herfs. Is nie koue bestand.

Camphor bush. Tarchonanthus camphoratus. This tree is native to South Africa, growing into a beautiful, small tree/bush with grey leaves and white flowers. In the Magaliesberg and Pilaansberg it makes beautiful dead wood. Leaves reduces well. Should do well in Pretoria. ♣



## Terugvoering oor demonstrasie bome.

By die vergadering van 5 September 2009 het Erika Kohler met ons gepraat oor die “Chinese Maple”. Erika het aan drie Maple bome gewerk en ek het in Koeda uitgawe vyf 2009 die foto links onder geplaas van twee van die Maples waaraan Erika gewerk het. Dieselfde twee bome is afgeneem op 6 April 2006 en word regs onder getoon.



## Bonsai Kalender – Deur Francois van As

### Gedurende Mei

Winter is in aantog en bladwisselende bome begin nou vinnig hul blare afskud. Groei aktiwiteite neem nou af en daar is nou minder te doen. Watertoe-diening word nou heelwat beperk maar dit is egter belangrik dat die groeimedium klam moet bly.





Bladwisselende bome word nie bemes nie maar immergroenbome kan 'n bietjie bemesting ontvang.



Voorsiening moet betyds gemaak word om die boompies teen koue te beskerm.

### Gedurende Junie

Pretoria se winters is nie baie koud nie maar daar is wel gebiede waar ryp voorkom. Ons moet ook maar bedag wees op daardie paar ekstra koue dae. Wanneer vriestemperature wel bereik word kan boompies in vlakke bakke moontlike skade opdoen. Hou maar die weerberigte dop, hulle is deesdae redelik in die kol.



As jy nie weet wat om met jou tyd te doen nie kan jy maar solank jou gereedskap begin skoonmaak vir die groot snoei wat voorlê. Die van ons wat nie kan wag nie kan reeds teen die tweede helfte van Junie begin snoei. ♣

## Bonsai Nut

Francois het met die id e te voorskyn gekom om jaarliks 'n trofee aan die persoon te gee wat die meeste vir bonsai in die Kai doen.

Omdat dit op so kort kennis plaasgevind het, kon dit nie aan die komitee voorgel e word nie. Tussen my en Francois het ons besluit dat die persoon wat werklik deur die jaar uitgestaan het was Jaco. Hy het met elke vergadering opgedaag, beman met sy kamera en nota boek waar hy alles van belang afgeneem het en nota's van die praatjies geneem het.

Hy het op sy eie al die BRAT vergaderings byge- woon om terugvoer te kan gee aan ons lede wat dit nie kon bywoon nie. As hy dit nie kon maak nie het hy met iemand gere el om dit te doen. Die nuusbriewe en ander inligting wat ek uitstuur vir die lede stuur hy aan sonder enige erkenning.



En dan kom ons by die Koeda. Wat 'n wonderlike blad wat hy op sy eie namens die Pretoria Bonsai Kai op die been gebring het. Dit is van so 'n ho e gehalte dat ons almal trots daarop is.

Ek skaam my nie om dit vir ander klubs in die land te stuur as hulle daarvoor vra nie.

Ek dink nie iemand in die Kai twyfel oor die keuse wat ge-

maak is nie.

Weereens baie geluk van my kant, ons waardeur wat jy vir die Kai doen en opoffer.

Org Exley



## Motivation.

Beginners in the art of bonsai are sometimes discouraged by the fact that bonsai takes such a long time. The two methods to achieve faster results in bonsai are to dig established trees (yamadori) from nature or secondly, to start with a big truncheon. A truncheon is really just a very big cutting. Some trees such as Figs or 'Spekboom' can very easily be grown from truncheons.

The 'Spekboom' shown here was started as a truncheon by the owner in November 2006. It was a branch from a big tree which was cut off, left in the sun for about two weeks and then placed in some well-draining soil. In October 2007, after growing well, it was severely cut back as shown on the picture on the left. The picture on the right was taken in April 2011, just more than four years later.

Although the tree has some way to go, it shows what can be achieved by using truncheons as a starting point.

